

B U I T E N G E W O N E

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA.

OFFICIAL GAZETTE



UITGAWE OP GESAG.

EXTRAORDINARY
OF SOUTH WEST AFRICA.

PUBLISHED BY AUTHORITY.

10c

Dinsdag 4 Junie 1968

WINDHOEK

Tuesday 4 June 1968

No. 2893

I N H O U D

C O N T E N T S

Bladsy/Page

GOEWERMENSKENNISGEWING:

GOVERNMENT NOTICE:

No. 80 Ordonnansie 1968: Uitvaardiging van Ordinance, 1968: Promulgation of 914

Goewermentskennisgewing

Government Notice

Die volgende Goewermentskennisgewing word vir algemene inligting gepubliseer.

J. J. KLOPPER,
Sekretaris van Suidwes-Afrika.

Kantoor van die Administrateur,
Windhoek.

The following Government Notice is published for general information.

J. J. KLOPPER,
Secretary for South West Africa.

Administrator's Office,
Windhoek.

No. 80.] [4 Junie 1968

No. 80.] [4 June 1968

ORDONNANSIE, 1968: UITVAARDIGING VAN

ORDINANCE, 1968: PROMULGATION OF

Dit behaag die Administrateur om sy goedkeuring te heg, ooreenkomstig artikel 27 van die Wet op die Konstitusie van Suidwes-Afrika 1968 (Wet 39 van 1968) aan die volgende Ordonnansie wat hierby vir algemene inligting gepubliseer word, ooreenkomstig artikel 29 van gemelde Wet:—

The Administrator has been pleased to assent, in terms of section 27 of the South West Africa Constitution Act, 1968 (Act 39 of 1968) to the following Ordinance which is hereby published for general information in terms of section 29 of the said Act:—

<i>No.</i>	<i>Titel</i>	<i>Bladsy</i>	<i>No.</i>	<i>Title</i>	<i>Page</i>
No. 17	Wysigingsordonnansie op Inkomstebelasting 1968	915	No. 17	Income Tax Amendment Ordinance, 1968	916

No. 17 van 1968.]

ORDONNANSIE

Ter wysiging van die Inkomstebelastingordonnansie 1961 om aardolie te omskryf; om voorsiening te maak dat persone wat diens doen by die uitvoering van die ordonnansie, die eed van geheimhouding voer 'n beampte van die Afdeling Inkomste, wat 'n kommissaris van ede is, kan aflê; om die skale van normale belasting betaalbaar deur maatskappye ten opsigte van belasbare inkomste verkry uit die myn van aardolie vas te stel; om in artikel 10 (1) (i) die uitdrukking „Haar Majesteit se Regerings” te skrap; om die korting ten opsigte van kinders te verhoog; om die omskrywing van „kapitaaluitgawe” in artikel 19 (4) uit te brei ten einde kapitaaluitgawes aangaan by die ontginning van aardolie in te sluit; om dividende verklaar deur maatskappye wat aardolie myn van belasting op buitelandse aandeelhouders vry te stel; om die maksimum en minimum waardes wat 'n boer vir sy lewendehawe kan aanreem, vas te stel; en om vir verwante aangeleenthede voorsiening te maak.

(Goedgekeur 27 Mei 1968)

(Engelse teks deur die Administrateur geteken)

Die Wetgewende Vergadering van die Gebied Suidwes-Afrika VERORDEN:—

Wysiging van artikel 1 van Ordonnansie 10 van 1961 soos gewysig by artikel 2 van Ordonnansie 12 van 1962.

1. Artikel 1 van die Inkomstebelastingordonnansie 1961 (Ordonnansie 10 van 1961) — hierna heet dit die hoofordonnansie — word hierby gewysig —

(a) deur na die omskrywing van „aanslag” die volgende omskrywing in te voeg:

„aardolie” enige vloeibare of vaste koolwaterstof of ontvlambare gas wat in 'n natuurstaat in die aardkors voorkom, maar nie ook steenkool of bitumineuse skalies of ander gestratifiseerde afsettings waaruit olie deur droë distillasie verkry kan word of gas wat uit moeras- of ander oppervlakafsettings ontstaan nie;”;

(b) deur in die omskrywing van „mynwerksaamhede” en „myn” na die woord „mineraal” die uitdrukking „(met inbegrip van aardolie)” in te voeg.

Wysiging van artikel 4 van Ordonnansie 10 van 1961.

2. Artikel 4 (2) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die invoeging na die woord „vrederegter” van die woorde „of 'n amptenaar van die Afdeling Binnelandse Inkomste wat 'n kommissaris van ede is”.

Wysiging van artikel 6 van Ordonnansie 10 van 1961 soos gewysig by artikel 3 van Ordonnansie 12 van 1962.

3. Artikel 6 van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur na voorbehoud (c) van subparagraaf (ii) van paragraaf (b) van subartikel (1) die volgende verdere voorbehoud by te voeg:

„(d) nieteenstaande die bepalinge van subparagrafe (i) en (ii) van paragraaf (b) die skale van normale belasting betaalbaar deur 'n maatskappy wat belasbare inkomste uit die myn van aardolie in die Gebied verkry soos volg is:

No. 17 of 1968.]

ORDINANCE

To amend the Income Tax Ordinance, 1961, to define natural oil; to provide that persons employed in carrying out the provisions of such ordinance may take the oath of secrecy before an officer of the Inland Revenue Branch, who is a commissioner of oaths; to fix the rates of normal tax payable by companies in respect of taxable incomes derived from mining for natural oil; to delete in section 10 (1) (i) the expression "Her Majesty's Governments"; to increase the rebate in respect of children; to extend the definition of "capital expenditure" in section 19 (4) to include certain expenditure incurred in connection with the mining of natural oil; to exempt from non-resident shareholders' tax dividends declared by companies mining for natural oil; to fix the maximum and minimum values which a farmer may adopt for his livestock and to provide for incidental matters.

(Assented to 27th May 1968)

(English text signed by the Administrator)

BE IT ORDAINED by the Legislative Assembly for the Territory of South West Africa as follows:—

1. Section 1 of the Income Tax Ordinance, 1961 (Ordinance 10 of 1961) — hereinafter called the principal ordinance — is hereby amended —

Amendment of section 1 of Ordinance 10 of 1961, as amended by section 2 of Ordinance 12 of 1962.

- (a) by the insertion in the definition of "mining operations" and "mining" after the word "mineral" of the expression "(including natural oil)";
- (b) by the insertion after the definition of "mining operations" and "mining" of the following definition:

"natural oil" means any liquid or solid hydrocarbon or combustible gas existing in a natural condition in the earth's crust, but does not include coal or bituminous shales or other stratified deposits from which oil can be obtained by destructive distillation, or gas arising from marsh or other surface deposits;"

2. Section 4 (2) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the comma after the word "peace" of the words "or an officer of the Inland Revenue Branch who is a commissioner of oaths,".

Amendment of section 4 of Ordinance 10 of 1961.

3. Section 6 of the principal ordinance is hereby amended by the addition after proviso (c) of subparagraph (ii) of paragraph (b) of subsection (1) of the following further proviso —

Amendment of section 6 of Ordinance 10 of 1961, as amended by section 3 of Ordinance 12 of 1962.

- „(d) notwithstanding the provisions of subparagraphs (i) and (ii) of paragraph (b) the rates of normal tax payable by any company which derives taxable income from mining for natural oil in the Territory shall be as follows:

- (i) op elke rand van bedoelde belasbare inkomste wat verkry word uit die myn van aardolie (behalwe gas) deur die maatskappy gewin, vyftig sent;
- (ii) op elke rand van bedoelde belasbare inkomste wat verkry word uit die myn van aardolie in die vorm van gas deur die maatskappy gewin, veertig sent:

Met dien verstande dat die normale belasting in gevolge die voorafgaande bepalings van hierdie voorbehoud bereken, na of met so 'n bedrag verminder word soos die Administrateur bepaal: Met dien verstande voorts dat by die toepassing van hierdie voorbehoud waar swael, sout of 'n ander mineraal deur die maatskappy in die loop van die myn van aardolie gewin word, die inkomste uit die myn van sodanige swael, sout of ander mineraal verkry, geag word uit die myn van aardolie verkry te wees."

Wysiging van artikel 10 van Ordonnansie 10 van 1961 soos gewysig by artikel 5 van Ordonnansie 12 van 1962, artikel 17 van Ordonnansie 12 van 1962, artikel 3 van Ordonnansie 21 van 1965 en artikel 2 van Ordonnansie 23 van 1967.

4. Artikel 10 (1) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (i) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(i) die salarisse en besoldigings betaalbaar aan enige persoon wat in die Gebied 'n amp beklee as 'n amptenaar van enige regering, behalwe die Administrasie van die Gebied of die Regering van die Republiek van Suid-Afrika, mits so 'n persoon vir daardie doel in die Gebied gestasioneer is en nie gewoonlik in die Gebied woon nie;”

Wysiging van artikel 13 van Ordonnansie 10 van 1961 soos gewysig by artikel 7 van Ordonnansie 12 van 1962.

5. Artikel 13 (2) van die hoofordonnansie word hierby gewysig—

- (a) deur in paragraaf (a) die woorde „vier-en-twintig jaar” deur die woorde „ses-en-twintig jaar” te vervang;
- (b) deur in paragraaf (b) die woorde „veertig rand” deur die woorde „vyf-en-veertig rand” te vervang.

Wysiging van artikel 19 van Ordonnansie 10 van 1961.

6. Artikel 19 (4) van die hoofordonnansie word hierby gewysig deur paragraaf (a) deur die volgende paragraaf te vervang:

„(a) die boor van skagte en myntoerusting en, in die geval van 'n aardolielmyn, die koste verbonde aan die lê van pypleiding van die myngebied na die see-eindpunt of die plaaslike raffinadery, na gelang van die geval, met inbegrip van enige enkele vernuwing of vervanging van sodanige toerusting of pypleiding wat tesame met bybehore meer as vierduisend rand kos; en”.

Vervanging van artikel 45 van Ordonnansie 10 van 1961.

7. Artikel 45 van die hoofordonnansie word hierby deur die volgende artikel vervang:

„Vrystelling. 45. Die belasting op buitelandse aandeelhouders is nie betaalbaar nie ten opsigte van —

- (a) dividende ontvang, of beskou as ontvang, van maatskappye bedoel in paragraawe (d), (e) en (f) van artikel 32 (2);
- (b) soveel van die bedrag van 'n dividend deur 'n maatskappy verklaar as wat ten genoeë van die Kommissaris bewys word uitgekeer te gewees het —
 - (i) uit belasbare inkomste wat deur daardie maatskappy verkry is uit die myn van aardolie in die Gebied; of
 - (ii) uit dividende wat deur bedoelde maatskappy van 'n ander maatskappy waarvan al die uitgereikte aandele deur eersbedoelde maatskappy

- (i) on each rand of such taxable income which is derived from mining for natural oil (excluding gas) won by the company, fifty cents;
- (ii) on each rand of such taxable income which is derived from mining for natural oil in the form of gas won by the company, forty cents:

Provided that the normal tax calculated under the preceding provisions of this proviso shall be reduced to or by such amount as the Administrator may determine: Provided further that for the purposes of this proviso where sulphur, salt or any other mineral is won by the company in the course of mining for natural oil, the income derived from the mining of such sulphur, salt or other mineral shall be deemed to be derived from mining for natural oil."

4. Section 10 (1) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (i) of the following paragraph:

„(i) the salaries and emoluments payable to any person who holds office in the Territory as an official of any government, other than the Administration of the Territory or the Government of the Republic of South Africa, provided such person is stationed in the Territory for that purpose and is not ordinarily resident in the Territory;”

Amendment of section 10 of Ordinance 10 of 1961, as amended by section 5 of Ordinance 12 of 1962, section 17 of Ordinance 12 of 1962, section 3 of Ordinance 21 of 1965 and section 2 of Ordinance 23 of 1967.

5. Section 13 (2) of the principal ordinance is hereby amended —

- (a) by the substitution in paragraph (a) for the words “twenty-four years” of the words “twenty-six years”;
- (b) by the substitution in paragraph (b) for the words “forty rand” of the words “forty-five rand.”

Amendment of section 13 of Ordinance 10 of 1961, as amended by section 7 of Ordinance 12 of 1962.

6. Section 19 (4) of the principal ordinance is hereby amended by the substitution for paragraph (a) of the following paragraph:

„(a) on shaft sinking and mine equipment and, in the case of a natural oil mine, the cost of laying pipelines from the mining block to the marine terminal or the local refinery, as the case may be, including any single renewal or replacement of such equipment or pipelines which together with the accessories thereto exceeds in cost four thousand rand; and”

Amendment of section 19 of Ordinance 10 of 1961.

7. The following section is hereby substituted for section 45 of the principal ordinance:

“Exemption. 45. The non-resident shareholders’ tax shall not be charged in respect of —

- (a) dividends received or deemed to have been received from companies referred to in paragraphs (d), (e) and (f) of section 32 (2);
- (b) so much of the amount of any dividend declared by any company as is proved to the satisfaction of the Commissioner to have been distributed —
 - (i) out of taxable income derived by such company from mining for natural oil in the Territory; or
 - (ii) out of dividends received by such company from any other company all the issued shares of which are held for its own benefit by the

Substitution of section 45 of Ordinance 10 of 1961.

vir sy eie voordeel besit word, ontvang is, vir sover bedoelde dividende ten genoëe van die Kommissaris bewys word deur daardie ander maatskappy uitgekeer te gewees het uit belasbare inkomste wat deur bedoelde ander maatskappy uit die myn van aardolie in die Gebied verkry is.”.

Vervanging van paragraaf 7 van die Tweede Bylae tot Ordonnansie 10 van 1961 soos gewysig by artikel 16 van Ordonnansie 12 van 1962.

8. Paragraaf 7 van die Tweede Bylae by die hoofordonnansie word hierby deur die volgende paragraaf vervang:

„7. (1) In die geval van 'n boer (behalwe 'n maatskappy of die boedel van 'n oorlede persoon) is die waarde wat vir die doeleindes van hierdie bylae op lewendehawe gestel moet word, behoudens die toepaslike bepalings van subparagraaf (a) (ii) of (b) (ii) van paragraaf 4 en die bepalings van subparagraaf (2) van hierdie paragraaf —

(a) ten opsigte van lewendehawe wat vir aanteeldoelindes deur aankoop verkry is en waarvan die aankoopprys —

- (i) in die geval van 'n bul of bulkalf R800 te bowe gaan;
- (ii) in die geval van 'n koei of vers R200 te bowe gaan;
- (iii) in die geval van 'n Karakoelram R400 te bowe gaan;
- (iv) in die geval van 'n gewone skaap- of bokram R300 te bowe gaan;
- (v) in die geval van 'n skaap- of bokkooi R80 te bowe gaan;
- (vi) in die geval van 'n hings of hingsvul R400 te bowe gaan;
- (vii) in die geval van 'n merrie of merrievul R200 te bowe gaan;
- (viii) in die geval van 'n vark R50 te bowe gaan; of

ten opsigte van enige ander lewendehawe wat vir aanteeldoelindes deur aankoop verkry is, die koopprys wat deur die belastingpligtige ten opsigte van die lewendehawe aangegaan is; en

(b) ten opsigte van ander lewendehawe as dié in item (a) bedoel, die standaardwaarde wat op die lewendehawe van toepassing is.

(2) Die waarde wat gestel moet word op lewendehawe deur 'n in subparagraaf (1) bedoelde boer aan die end van die tydperk van aanslag eindigende op die datum van sy dood of insolvensie besit en nie deur hom van die hand gesit nie, is die prys wat volgens die Kommissaris se oordeel die heersende markprys van die lewendehawe is.

(3) In die geval van 'n maatskappy of die boedel van 'n oorlede persoon is die waarde wat vir die doeleindes van hierdie bylae op lewendehawe gestel moet word, behoudens die toepaslike bepalings van subparagraaf (a) (ii) of (b) (ii) van paragraaf 4 —

- (a) indien deur aankoop verkry, of die koopprys wat betaal is of die prys wat volgens die Kommissaris se oordeel die heersende markprys van die lewendehawe is; of
- (b) indien op 'n ander wyse as deur aankoop verkry, die prys wat volgens die Kommissaris se oordeel die heersende markprys van die lewendehawe is.”.

firstmentioned company, to the extent that such dividends are proved to the satisfaction of the Commissioner to have been distributed by such other company out of taxable income derived by such other company from mining for natural oil in the Territory.”.

8. The following paragraph is hereby substituted for paragraph 7 of the Second Schedule to the principal ordinance:

Substitution of paragraph 7 of the Second Schedule to Ordinance 10 of 1961, as amended by section 16 of Ordinance 12 of 1962.

„7. (1) In the case of a farmer (other than a company or the estate of a deceased person) the value to be placed upon livestock for the purposes of this schedule shall, subject to the appropriate provisions of subparagraph (a) (ii) or (b) (ii) of paragraph 4 and the provisions of subparagraph (2) of this paragraph —

(a) in respect of livestock acquired by purchase for breeding purposes and of which the purchase price —

(i) in the case of a bull or a bullcalf exceeds R800;

(ii) in the case of a cow or heifer exceeds R200;

(iii) in the case of a Karakul ram exceeds R400;

(iv) in the case of an ordinary ram or a he-goat exceeds R300;

(v) in the case of an ewe or a she-goat exceeds R80;

(vi) in the case of a stallion or colt exceeds R400;

(vii) in the case of a mare or filly exceeds R200;

(viii) in the case of a pig exceeds R50; or

in respect of any other livestock acquired by purchase for breeding purposes, be the purchase price incurred by the taxpayer in respect of the livestock; and

(b) in respect of livestock other than livestock referred to in item (a), be the standard value applicable to the livestock.

(2) The value to be placed on livestock held and not disposed of by any farmer referred to in subparagraph (1) at the end of the period of assessment terminating at his death or insolvency shall be the price which in the opinion of the Commissioner is the current market price of the livestock.

(3) In the case of a company or the estate of a deceased person the value to be placed on livestock for the purposes of this schedule shall, subject to the appropriate provisions of subparagraph (a) (ii) or (b) (ii) of paragraph 4, be —

(a) if acquired by purchase, either the purchase price paid or the price which in the opinion of the Commissioner is the current market price of the livestock; or

(b) if acquired otherwise than by purchase, the price which in the opinion of the Commissioner is the current market price of the livestock.”.

Wysiging van
paragraaf 8 van
die Tweede
Bylae tot
Ordonnansie 10
van 1961,
soos gewysig by
artikel 16 van
Ordonnansie 12
van 1962.

9. Paragraaf 8 van die Tweede Bylae tot die hoofordonnansie word hierby gewysig deur die voorbehoud by subparagraaf (d) deur die volgende voorbehoude te vervang:

„met dien verstande dat geen standaardwaarde in-gevolge hierdie subparagraaf aangeneem, meer as 20 persent hoër of laer mag wees nie as die standaardwaarde kragtens subparagraaf (b) ten opsigte van die betrokke soort lewendehawe vasgestel: Met dien verstande voorts dat 'n boer wat enige soort van sy lewendehawe op 'n ander grondslag indeel as wat by die vasstelling van 'n standaardwaarde kragtens subparagraaf (b) toegepas is, ten opsigte van enige soort waarin hy daardie lewendehawe aldus indeel die standaardwaarde kan aanneem wat die Kommissaris met behoorlike inagneming van die aldus vasgestelde waardes goedkeur.”.

Skraping van
paragraaf 10 van
die Tweede
Bylae tot
Ordonnansie 10
van 1961,
soos gewysig by
artikel 16 van
Ordonnansie 12
van 1962.

10. Paragraaf 10 van die Tweede Bylae tot die hoofordonnansie word hierby geskrap.

Kort titel en
datum van
inwerkingtreding.

11. Hierdie ordonnansie heet die Wysigingsordonnansie op Inkomstebelasting 1968 en tree vir die eerste maal in werking ten opsigte van aanslae vir die jaar van aanslag wat op die dertigste dag van Junie 1968 eindig.

9. Paragraph 8 of the Second Schedule to the principal ordinance is hereby amended by the substitution for the proviso to subparagraph (d) of the following provisos:

Amendment of paragraph 8 of the Second Schedule to Ordinance 10 of 1961, as amended by section 16 of Ordinance 12 of 1962.

"Provided that no standard value adopted under this subparagraph shall be more than 20 per cent higher or lower than the standard value fixed under subparagraph (b) in respect of livestock of the class in question: Provided further that any farmer who classifies any kind of his livestock on a basis other than that applied for the purpose of fixing a standard value under subparagraph (b), may adopt in respect of any class into which he so classifies that livestock such a standard value as may be approved by the Commissioner with due regard to the values so fixed."

10. Paragraph 10 of the Second Schedule to the principal ordinance is hereby deleted.

Deletion of paragraph 10 of the Second Schedule to Ordinance 10 of 1961, as amended by section 16 of Ordinance 12 of 1962.

11. This ordinance shall be called the Income Tax Amendment Ordinance, 1968, and shall first take effect in respect of assessments for the year of assessment ending the thirtieth day of June, 1968.

Short title and date of commencement.

